

Die Heilige Gees van God, deur Gabrielle Wright

Weet ons waarvan ons praat wanneer ons oor die Heilige Gees gesels?

Die Geloofsbelydenis van ons Kerkverband bely soos volg oor die Heilige Gees:

“Die Heilige Gees van God is een met God net soos die menslike gees een is met elke mens.

Die Gees is die lewende, skeppende, persoonlike en onmiddellike teenwoordigheid van God in die wêreld en werk in die wêreld en in ons.

Die Gees is dus volledig God en neem standpunt in teenoor elke ander gees of vermeende gees wat God teëstaan, of dit nou menslik of bonatuurlik is.

Die Heilige Gees is dus die Gees van Christus - sy lewende teenwoordigheid en krag. Deur Christus het God die Gees op die Pinksterdag uitgestort.”

Die Heilige Gees is een van die persone van die Drie-Eenheid. God die Vader, Jesus en die Heilige Gees bestaan nie as afsonderlike wesens nie, maar hulle is een God *en is volledig God.*

Gedurende Pinkster vier ons die persoonlike werk van die Gees wat in ons leef. Onthou ook die Gees is ewig, met geen begin of einde nie, en deel in elke handeling van God die Vader en van Jesus.

In Genesis 1:2 lees ons dat voordat enige iets geskape is, was die Gees reeds daar.

In Matteus 1:18 speel die Gees die belangrike rol in die menswording van Jesus uit Maria.

In Hebreërs 9:14 lees ons ook dat die Heilige Gees vanaf alle ewigheid deel was van die Evangelie oor Jesus se bestaan as mens, sy dood, opstanding en hemelvaart.

In Efesiërs 4 sien ons dat die Gees na die hemelvaart die gelowiges in staat stel om saam te werk en elkeen sy eie bydrae te lewer om die Liggaam van Christus op te bou en ons word aangemoedig om die “eenheid van die Gees te bewaar”.

In Hebreërs 3:7-11 verklaar die Gees sy veroordeling van en sy verstomming oor die verharding van die harte van sommige mense teenoor God.

In Openbaring 22:17 nooi die Gees almal uit om die ewige lewe te geniet.

Die Gees van God leef en werk en is as God, almagtig, alwetend en alomteenwoordig.

Moenie die Heilige Gees onderskat nie.

Laat ons nie oor Hom dink as net werksaam tussen Pinkster en die wederkoms nie!

Kom ons aanbid Hom en eer en vereer die Gees van God soos ons dit behoort te doen.